Landbou weekblad AGRI SA
DIE GROND-OPLOSSING
BOERE SE PERSPEKTIEF OOR DIE HERLEWING VAN DIE PLATTELAND

Woensdag 25 Julie 2018

Mediaverklaring

# GRONDBERAAD – DIE GROND-OPLOSSING – BOERE SE PERSPEKTIEF

## VERNUWING EN HERLEWING OP DIE PLATTELAND

**'Ons weet wat die probleme met grond is. Kom luister nou vir twee dae na boere se praktiese oplossings en leer uit hul suksesverhale.'**

**65 SPREKERS – 65 OPLOSSINGS**

Met onteiening sonder vergoeding op almal se lippe, is dit maklik om uit die oog te verloor dat die Suid-Afrikaanse landbou oor die afgelope 23 jaar van die wêreld se toonaangewendste transformasieprojekte ontwikkel het. *Landbouweekblad* en Agri SA het derhalwe besluit om 'n grondberaad aan te bied waartydens boere oor alle vlakke heen met mekaar en ander belanghebbendes en relevante organisasies oor grond kan praat.

Kom luister vir twee dae na boere, landboubesighede en ander kundiges wat reeds sukses behaal het op alles van kommunale- en restitusiegrond tot familieplase. Hulle gaan vertel hoe hulle dit reggekry het, hoekom hulle dit gedoen het en waar hulle die geld gekry het.

Kom wees deel van die goeie storie wat die Suid-Afrikaanse landbou aan die wêreld kan vertel oor hoekom onteiening sonder vergoeding nooit nodig was nie – want boere kan die platteland weer laat blom. Die beraad, wat op **23 en 24 Augustus 2018** by Wildswinkel se veilingslokaal op **Bela-Bela in Limpopo** gehou word, sal klem lê op die planne wat boere reeds rondom transformasie en grondhervorming gemaak het én op hul plase of in hul gemeenskappe toepas.

Kommersiële en klein boere, bestaansboere, stamhoofde, kommunale boere, finansiers, landbouondernemings, diensverskaffers, beleidsmakers en tegniese kundiges sal almal aan die beste sakepraktyke wat grondhervorming betref, suksesvolle gevallestudies en die uitruil van idees blootgestel word. Die gevallestudies sal aangebied word deur boere, landbouondernemings, finansierders en beleggers wat in die praktyk deel is van die proses.

Die beraad wil antwoorde deur kundiges bied vir die kritiese vrae wat die suksesvolle toepassing van deurdagte grondhervormingsprojekte beïnvloed, soos:

- Hoe vertrou ons weer mekaar?
- Hoe laat ons goeie buurmanskap en mentorskap herleef?
- Hoe laat ons boerdery in die kommunale gebiede herleef?
- Hoe vernuwe ons verhoudings in plattelandse gemeenskappe?
- Hoe verander ons plaaswerkers se toekoms?
- Hoe laat ons landbouproduksie herlewe en floreer?
- Watter planne het ons met restitusieplase en boervestiging?
- Hoe beleef swart boere die landbou en boerdery?
- Watter finansieringsmodelle is beskikbaar?

*(Blaai om.)*

## INLIGTING

**Datum**
23 en 24 Augustus 2018

**Plek**
Wildswinkel se veilingslokaal by Bela-Bela in Limpopo

**Koste per persoon vir die twee dae**
R1 785 (BTW ingesluit)
(Dié bedrag sluit in etes en verversings op albei dae, 'n aandgeselligheid op die eerste aand en verskeie inligtingsessies en paneelbesprekings.)

**Besprekings (sluit op 10 Augustus)**
Klik op dié skakel om te bespreek – https://www.quicket.co.za/events/51059-grondberaad-die-grond-oplossing-boere-se-perspektief-land-summit-the-land-solut/#/
(http://qkt.io/S0BAs5)

## DIE SPREKERS

Hier is 'n voorsmakie van die besonderse kundigheid wat op die beraad gehoor sal kan word. Hou *Landbouweekblad* dop vir nog boeresprekers en ander planmakers wat die Suid-Afrikaanse landbou en platteland kan laat herleef.

| | | |
|---|---|---|
| Kosie van Zyl | Kleinjan Gasekoma | Eric Ntlaba |
| Leona Davids | Leonard Mavhugu | Gerrit van Vuuren |
| Walter Biggs | Jane McPherson | John Devonport |
| Tshilidze Matshidzula | Peter Setou | Beyers Truter |
| Dries Wiese | Petrus Grové | Bennie van Rooy |
| Etienne van Wyk | Roland Henderson | Francois Strydom |
| Jeff Every | Schalk Viljoen | Gerswin Louw |
| Mazibuko Jara | Gloria Serobe | Piet Potgieter |
| Dr. Colin Forbes | Dirk Louw | Dr. Hendrik Smith |
| Eddie Prinsloo | Ralph Swart | Dr. Langelihle Simela |
| Philip Jonker | Nick Serfontein | Milaan Thalwitzer |
| Henk Agenbach | Judy Stuart | |

---

## NAVRAE

Stuur e-pos aan jacolette.kloppers@landbou.com

## MEDIA-AKKREDITASIE

Rig versoeke aan jacolette.kloppers@landbou.com

## BORGE

MacRobert Attorneys
Senwes
Standard Bank
Obaro

Landbou weekblad AGRI SA
DIE GROND-OPLOSSING
BOERE SE PERSPEKTIEF OOR DIE HERLEWING VAN DIE PLATTELAND